# DIE NAGMAAL

**TEMA:** **Die Geestelike Betekenis Van Die Nagmaal**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: Matthéüs 26:26-28**

**Mat 26:26 En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam.**
**Mat 26:27 Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit.**
**Mat 26:28 Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.**

## 1. AGTERGROND

God het verskeie feeste vir Sy volk ingestel. Daar is spesifieke voorskrifte en seisoene/tye vir elkeen van hierdie feeste, en elke fees het 'n unieke betekenis. Al hierdie feeste het in Christus Jesus tot vervulling gekom; selfs die laaste drie feeste wat nog moet plaasvind, is ook alreeds in Hom vervul (Loofhutte fees, Fees van Trompette en Dag van Versoening). Juis omdat al hierdie feeste in Christus Jesus vervul is, het Christus het vir ons één fees geword, en dit is die Avondmaal.

Vir hierdie rede wil ek fokus op die Nagmaal, om die ware geestelike betekenis van die Nagmaal uit te wys.

### Die Nagmaal is NIE

- 'n Begrafnis nie.
- Dit is nie 'n treurige hartseer storie nie.

### Die Nagmaal IS

- Die grootste feesmaal wat ooit sal plaasvind en plaasgevind het.
- Dit is 'n vreugdevolle oorwinning wat ons kan vier.
- Dit is die lewe! Daarom kan ons dit met oorwinning en dankbaarheid vier; met vreugdevolle harte uitlewe en verkondig.

## 2. SAAD, OES, EENWORDING

Dit is net 'n vader wat saad kan gee. In die saad is daar lewe, en hierdie lewe is in die bloed; met ander woorde dit is die bloed wat in die saad is, wat die lewe gee. Jesus Christus is die saad, die koringkorrel wat die Vader gegee het, wat aarde toe gekom het.

'n Saadjie kan nie bo-op die grond val en ontkiem nie. 'n Saadjie moet ingeneem word in die grond. Die grond moet oopgebreek word, die saadjie val in en die grond maak toe. So word die saad één met die aarde sodat die

koringkorrel (saad) sal sterf. Jy kan nie lewe gee as jy nie gesterf het nie. Die simboliek hiervan is die doop, die bad van wedergeboorte.

*Johannes 12:24 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug.*

- Dit is nodig dat daar 'n proses in ons lewens plaasvind.
- Ons is saad en as ons nie sterf nie, kan ons nie saad gee nie.

Laat ek verduidelik: ons is saad en moet sterf (gesaai word) sodat ons kan opgroei en vrug voortbring, vrug wat die Vader verheerlik; en dán eers kan ons saad saai. Dit wil sê, ons het geestelik volwasse geword om saad te kan gee.

Christus is die saad wat die Vader gegee het, wat aarde toe moes kom, daarom is Hy gekruisig. Hy moes Sy bloed, Sy lewe gee. Hy moes dit op die hemelse altaar offer. Die aarde het Hom ingeneem; Hy het gesterf, Hy het niks geword, maar die vrug van die saad, word nou in die opstanding gesien. In die opstanding is die loon. Die opstanding het plaasgevind en nou het die saadjie, die 1 koringkorrel vermeerder, en 'n brood geword.

Dit is hoekom Jesus die brood breek en sê; **dit is My liggaam wat vir julle gebreek word**.

*I Korinthiërs 11:23 Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het;*
*I Korinthiërs 11:24 en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis.*

Jesus verwys na Homself as die koringkorrel, maar Hy verwys ook na die oes, die vermenigvuldiging van die saad. Die koringkorrel het nou 'n brood geword. Die saad het vermeerder, want dit het gesterf en nou bring dit 'n oes voort.

*Johannes 6:33 Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee.*

*Johannes 12:24 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug.*

Wanneer ons dan Nagmaal neem, neem ons daardie brood en terselfdertyd is **ons** ook die brood, **want ons is deel van Sy Liggaam.**

Ons neem dus nou hierdie brood as deel van Sy liggaam, sodat ons kan deel word van Hom; deel word van hierdie vermenigvuldiging.

*1 Korinthiërs 10:17 Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood.*

Jesus die koringkorrel, wat deur God die Vader gegee is, was onbesmette saad, waarby niks van die vlees betrokke was nie. Daar was ook geen houvas op Hom nie. Dit was hemelse saad wat vir die mensdom gegee is, sodat dit kon vermenigvuldig en ons in dieselfde lyn ingevorm word.

In die boek Hebreërs wat ons behandel het, is daar 'n volledige lering (teaching) rondom die eenwording in Christus, soos Hy en die Vader een is.*(Verwys Lesings: Hebreërs 1:1-5 – Afdruksel en Afskynsel – Kopiereg van God asook Hebreërs 5:8-14 Spieëlbeeld van die Vader)* Christus het die geboortekanaal oopgemaak sodat ons daarin kan volg (*Verwys Lesing: Hebreërs 1:6-14 – Jesus die Eersgeborene)* Daar is nie 'n ander weg nie.

*Johannes 17:21 dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.*

-o0o-

*Kolossense 1:15 Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping*

Hierdie brood wat ons nou neem is die eenwording in die Verbond. Alle verbonde moet met bloed verseël word, want dit is die bloed wat getuig dat daar 'n verbond is. Die lewe wat gegee word in die verbond getuig daarvan.

*Hebreërs 9:18 Daarom is ook die eerste testament nie sonder bloed ingewy nie;*
*Hebreërs 9:18 want toe elke gebod volgens die wet deur Moses aan die hele volk aangekondig is, het hy die bloed van die kalwers en bokke saam met water en skarlakenrooi wol en hisop geneem en die boek self en die hele volk besprinkel*

*Hebreërs 9:20 en gesê: Dit is die bloed van die testament wat God met die oog op julle verorden het.*

Hebreërs hoofstuk 12 verwys na die groot wolk van getuies wat spreek uit die hemel as gevolg van die verbond, en hierdie bloed is die verbond wat nou getuig.

*Hebreërs 12:24 en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel*.

Op grond daarvan kan ons nou die beker neem en sê: ek is in hierdie verbond; hierdie verbond, hierdie bloed van die Lam wat ek neem, getuig nou van die eenwording met Christus Jesus.

As ons sê dat ons een is in Christus Jesus, dan moet ons aan Hom behoort. Ons moet opreg, rein, en eerlik toegewyd wees aan Hom soos 'n bruidegom aan 'n bruid, en 'n bruid aan 'n bruidegom.

Ons kan nie met die wêreld een word en sê dat ons deel van Christus is nie. **Wanneer ons hierdie Nagmaal gebruik, en dit gaan waarlik oor Christus, moet ons lewens getuig van die verbond (covenant) waarin ons Bruidegom absoluut in alles EERSTE is.**

Ons kan dan nie meer met die wêreld en alles wat dit bied hoereer nie. Niemand en niks anders kan hierdie plek vul behalwe die Bruidegom Homself.

## 3. <u>AARDSE HUWELIK</u>

Geen man/vrou sal daarmee tevrede of gelukkig wees dat sy vrou of haar man so een keer per week die werkgewer 'n drukkie en 'n soentjie gee of op die persoon se skoot gaan sit nie.

Watter man sal gelukkig wees as sy vrou geld spandeer om ander mans te onthaal of te vermaak? Geld wat hy vir haar gegee het om die huishouding mee te hanteer.

Ons lees in Eségiël 16 wat Israel gedoen het.

*Eségiël 16:17 Daarby het jy jou versiersels uit my goud en my silwer geneem wat Ek jou gegee het, en jy het vir jou beelde van manne gemaak en daarmee gehoereer.*

*Eségiël 16:18 En jy het jou veelkleurige klere geneem en dié beelde omhul; jy het ook my olie en my reukwerk voor hulle neergesit.*

*Eségiël 16:19 En my brood wat Ek jou gegee het- fynmeel en olie en heuning waarmee Ek jou gespysig het- dit het jy voor hulle neergesit as 'n lieflike reuk; ja, so was dit, spreek die Here Here.*

*Eségiël 16:32 o Die vrou wat owerspel bedrywe! Terwyl sy onder haar man staan, het sy vreemdes aangeneem.*

-o0o-

*Eségiël 16:33 Hulle gee geskenke aan al die hoere, maar jy het jou geskenke aan al jou minnaars gegee en hulle gifte aangebied om van alle kante na jou te kom in jou hoererye.*

## 4. SELF ONDERSOEK

Ons besef nie altyd die dinge wat ons doen nie.

- Hoe spandeer ons dit wat God vir ons gegee het?
- Hoe kyk ons daarna?
- Het dit wat Hy vir ons gegee het belangriker geword as Hyself?

## 5. VERMANING

Ons moet besef dat wanneer ons die Nagmaal gebruik, ons baie versigtig moet wees oor hoé en wanneer ons dit gebruik. Die Bybel waarsku dat as ons die Nagmaal nie gebruik op die manier waarop dit vir ons voorgeskryf is, ons ŉ oordeel oor onsself gaan eet en drink. Dan gaan hierdie brood en hierdie bloed ons eendag oordeel.

Dit is waarom ons versigtig moet wees dat ons nie net maak soos ons wil en soos sisteme en godsdienste ons geleer het nie. Ons moet werklik weer die waarheid van die Nagmaal ontdek en daarvolgens handel.

Dit behoort nie aan ‘n kerk nie.

Dit behoort aan God.

Die Nagmaal is die verseëling van die verbond wat Christus met Sy liggaam gemaak het.

*1 Korinthiërs 11:27 Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here.*

*1 Korinthiërs 11:29 Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink ‘n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie.*

-o0o-